Oordenking
21 Januarie 2009

Word vervul met die Heilige Gees

Wanneer ons gered word, gee die Heilige Gees vir elke gelowige een of meer gawes. Dit is godgegewe vermoëns om die Kerk en die Koninkryk te dien. Die Here gee volgens sy eie besluit. *1 Kor. 12:11: "Al hierdie dinge is die werk van een en dieselfde Gees, wat aan elkeen afsonderlik 'n gawe uitdeel soos Hy wil."*

Die Heilige Gees gee vir ons gawes ter wille van aanbidding en ter wille van diens. Enige lys van die geestesgawes in die Nuwe Testament demonstreer die verskeidenheid van die vermoëns wat die Gees aan gelowiges gee. Die doel van hierdie gawes is om die liefdevolle Gewer daarvan, ons Here, se Naam te verhoog en om die gemeenskap van gelowiges te dien. Die lys wat hierop volg is nie 'n volledige lys van al die gawes nie, maar som dit op en beklemtoon dat die gawes ons help om God se doel met ons lewe te vind. Dit is saamgestel uit lyste gawes van die Gees wat genoem word in: Rom. 12:6-8; 1 Kor. 12:8-10, 28-30; Ef. 4:11; 1 Pet. 4:10,11.

Weet jy dat jy een of meer gawes van die Heilige Gees ontvang het? As jy dit nog nie besef nie, wil ons jou vanjaar help om dit te verstaan en om opgewonde te raak oor die gawe/s wat God ook aan jou deur sy Gees uitgedeel het.

1. **Sending**: Diegene wat deur God gestuur word met die vermoë om die Evangelie aan ongelowiges te verkondig en kerke te plant. (Ef. 4:11).

2. **Profesie**: Om openbaringe van God te ontvang en dit met ander te deel. Meestal om die openbaring in die Woord van God te interpreteer en as 'n vaste waarheid te proklameer. (Ef. 4:11; Rom 12:6).

3. **Evangelisasie**: Om die Evangelie so helder aan ongereddes te verkondig, dat hulle met saligmakende geloof daarop reageer. (Ef. 4:11; 2 Tim. 4:5).

4. **Pastoraat:** Om geestelike leierskap, voeding, genesing en beskerming aan God se mense in die Kerk te gee. (Ef. 4:11).

5. **Onderwysing**: Om die waarhede van God te verduidelik en toe te pas. (Rom. 12:7; 1 Kor. 12:28,30).

6. **Kennis**: Om die boodskap so te verstaan en aan te bied soos God dit in sy Woord openbaar het. (1 Kor. 12:8).

7. **Wysheid**: Om die insigte wat deur Goddelike kennis ontstaan, in spesifieke situasies toe te pas. (1 Kor. 12:8).

8. **Bemoediging**: Om iemand in tye van nood by te staan met gebed, raad en aanmoediging, sodat hulle lewens van rigting verander. (Rom. 12:8).

9. **Diens**: Om *enige taak* met soveel vreugde te verrig dat dit die gelowiges help en bemoedig. (Rom. 12:7).

10. **Helpers:** Om ondersteuning en bystand te bied wanneer iemand swaarkry. (1 Kor. 12:28).

11. **Ontferming**: Om liefde prakties te bewys aan elke minderbevoorregte, bv. siekes en bejaardes. (Rom. 12:8).

12. **Gee**: Om met blydskap vrygewig te wees en jou materiële seëninge sonder selfsugtig bymotiewe te deel. (Rom. 12:8).

13. **Leierskap**: Om rigting te gee aan 'n bediening van die Here of aan die Kerk.(Rom. 12:8).

14. **Organisasie**: Om visie en rigting te bied waardeur doelwitte vir God bereik word. (1 Kor. 12:28).

15. **Gasvryheid**: Om vriend en vreemdeling welkom te laat voel en geestelik te versterk. (Rom. 12:13; Titus 1:8; 1 Tim. 3:2).

16. **Geloof:** Om God te vertrou vir wat alles wat jy nodig het, selfs wanneer dit menslik onmoontlik lyk. (1 Kor. 12:9).

17. **Onderskeiding**: Om te onderskei tussen waarheid en leuen, tussen die werk van die Gees en van die bose. (1 Kor. 12:9).

Die gelowige wat God verheerlik en Christus nederig volg, en die leiding van die Heilige Gees aanvaar, is met die Gees vervul. Hy of sy kan die gawes van die Gees met wonderlike voordele vir die opbou van die liggaam van Christus gebruik. Om so Geesvervuld te leef is ’n opdrag wat elke gelowige ontvang: *Ef. 5:18: Word met die Gees vervul!*